

23 Maart

Skrifgedeelte: 1 Kronieke 1:1-4:23

Die werk van die Messias

Geslagsregisters is iets waarin ons vandag nie meer so baie belangstel nie. Maar vir die Jode was dit 'n baie belangrike deel van hulle samelewing en geskiedenis. In hierdie eerste vier hoofstukke van Kronieke lees ons net die een naam na die ander. Vir die Bybelleser voel dit soms dat hierdie lys van name maar goedsmoeds oorgeslaan kan word. Sommige dink miskien dat hierdie gedeelte in 1 Kronieke meer 'n kuur is vir slaaploosheid as wat dit interessante geskiedenis is.

Hierdie geslagsregisters speel egter 'n baie belangrike rol in die geskiedenis wat die Kroniekskrywer wil vertel. Die geskiedenis van die koningskap van veral Dawid en Salomo word vertel en dan hoe die koninkryk verdeel is. Na die verdeling van die Ryk is die fokus van ons geskiedskrywer op die konings van die suidelike ryk, naamlik Juda. In die gedeelte van die geslagsregister wat ons gelees het, fokus hy dus op die geslagsregister van Juda en in die besonder Dawid se koningskap uit hierdie stam.

Hierdie feit is vir ons baie belangrik om te verstaan, want dit is uit die geslag van Juda wat die Messias van die volk gebore word. In die lyn van Dawid se koningskap word die Koning van die konings en die Here van die here gebore. Maar wat opmerklik is, is dat Juda in sy voorgeslag verbind word aan Adam. Die werk van die Messias is dus nie net beperk tot die geslag van Juda nie, maar het betrekking op al die mense van alle eeue. Christus is gebore uit die nageslag van Juda, hy is die Leeu van Juda wat as Koning regeer oor alle volke nasies en tale. In hierdie eerste gedeelte van die geslagsregister sien ons dat die belofte wat in Genesis 3:15 al aan Adam gegee word, gerealiseer sal word deur die nageslag van Juda. Uit die nageslag van Juda word koning Dawid gebore, wat weer die belofte van ewige Koningskap ontvang deur Jesus Christus. Ons buig vandag steeds voor ons Koning Jesus Christus.

Sing: Psalm 2:1, 6 (1937)

Ds C Jooste (Wonderboompoort)